**Kampleier:** Jaco van der Walt
072 312 7722
jaco@nakuphi.co.za

**Sekretaresse:** Maria van Eden
082 345 2368
086 581 4588 (Faks)
mvaneden@oldmutual.com

**Adjunkkampleier:** Louis Grobler
082 495 5969

**Adres:** Posbus 13695
Witfield
1459

---

Nakuphi 2014

Met die ondersteuning van Forest Sailing Club, wat weer hulle geriewe aan ons beskikbaar stel, gaan Nakuphi 2014 weer `n besonderse kamp te wees!

Kamp Nakuphi se hoofdoel is Wateravontuur waar ons die grense van avontuur toets binne streng veiligheidsperke.

Ons missie is om hoë kwalityd kursusse aan te bied waar elke verkenner aan die einde van die kamp kan wegstap met `n nuwe vaardigheid en die wete dat hy bietjie buite sy gemaksone kon uitkom en nuwe positiewe ervarings kan mee maak.

Dit is hoekom ons weer, soos in die verlede, slegs `n beperkte hoeveelheid kinders per kursus kan toelaat.

Ons teikengroep is Verkenners, Staatmakers en Offisiere in Limpopo en Mpumalanga maar enigeen wat belangstel is welkom om saam te kom kamp.

**TYDPERK**: Sondag 5 Oktober om 12:00 tot Saterdag 11 Oktober om 10:00

**PLEK**: Forest Sailing Club, Da Gama Dam, Mpumalanga

**KURSUSSE:**

| Graad | Kursus | Vereistes |
|---|---|---|
| Graad 8 | Varswaterkunde | Geen |
| Graad 9 | Roeikunde | Geen |
| Graad 10 – 12 | Seilkuns | Geen |
| Graad 11 – 12 | Snorkelduik | Geen asmalyers of kinders met enige hart- of longkwale nie |
| Graad 11 – 12 | Selfbehoud | Geen asmalyers of kinders met enige hart- of longkwale nie |

**KAMPGELDE:**

| Groep | Kampgeld |
|---|---|
| Kursusgangers (Verkenners) - Varswaterkunde | R750-00 |
| Kursusgangers (Verkenners) - Roeikunde | R750-00 |
| Kursusgangers (Verkenners) - Seilkuns | R750-00 |
| Kursusgangers (Verkenners) - Snorkelduik | R800-00 |
| Kursusgangers (Verkenners) - Selfbehoud | R750-00 |
| Diens doenende Verkenners (Slegs Graad 12) | R350-00 |
| Kursusaanbieders(Offisiere, Staatmakers & Diensoffisiere) | R350-00 |
| Ouers en Eggenote wat nie diens doen nie (Meelopers) | R800-00 |
| Laerskool Kinders | R250-00 |
| Voorskoolse Kinders | R150-00 |
| Nie-Voortrekkers addisionele registrasiefooi | R200-00 |

**VERVOER:** Daar is geen addisionele vervoerreëlings nie en elke persoon is verantwoordelik vir sy eie vervoer. Kontak asseblief die Kampleier indien jy 'n saamry geleentheid het of benodig.

**VERBLYF:** Elke persoon is verantwoordelik vir sy eie tent.

**INKSRYWINGSVORMS:**

- Inskrywingvorms is beskikbaar by www.nakuphi.co.za
- Inskrywings moet by jou Adjunk-Kommandoleier Administrasie ingehandig word. Inskrywingsvorms kan ook ingestuur word (per faks of epos) na die kampsekretaresse.
- Die sluitingsdatum vir inskrywings (insluitend die kampgelde) is **21 September 2014**. 'n Boete van **R200** word gehef op alle laat inskrywings en laat inbetalings. ***Maak dus seker jou inskrywing bereik ons betyds***!
- Geen inskrywings sal aanvaar word sonder 'n **Voortrekkerregistrasienommer** nie. Daar word 'n addisionele registrasiebedrag van R200 aan alle inskrywings sonder 'n Voortrekkerregistrasienommer gehef.
- 'n **Vrywaringsvorm** (ook beskikbaar op www.nakuphi.co.za) moet aan elke inskrywingsvorm geheg word.

**ALGEMENE INLIGTING:**

- Die inhoud van hierdie kampbrief moet asseblief so spoedig as moontlik onder die aandag van Offisiere, Staatmakers en Verkenners gebring word.
- Offisiere wat kursusse wil aanbied word versoek om voor **31 Augustus 2014** telefonies of per e-pos die Kampsekretaresse te verwittig vir watter kursus hulle inskryf.
- Kommando's word versoek om alle vorms vir korrektheid, volledigheid en leesbaarheid te kontroleer.
- Kampgeld moet met een kommandotjek betaal word, uitgereik aan:
  **Tvl Voortrekkers: Kamp Nakuphi**
- Gelde kan ook inbetaal word in dié bankrekening:

  **Tvl-Voortrekkers: Kamp Nakuphi**
  **ABSA Bank**
  **Hans van Rensburgstraat Tak (Takkode:334-248)**
  **Tjekrekeningnommer: 4054232467**

  Meld asseblief die kind en kommandonaam as verwysing.
  Faks of epos die depositostrokie en voltooide inskrywings na die Kampsekretaresse.

- By kansellasie korter as drie weke voor die kamp sal die volle kampgeld verbeur word (Uitruilings sal oorweeg word).
- Daar word *geen* spesiale program gereël vir Laerskool kinders en kleuters nie.
- Verkenners word volgens kursus ingedeel en nie in kommando's of spanne nie.
- Niemand sal toegelaat word om **voor 10:00 op Saterdag 11 Oktober 2014 die kamp te verlaat of voor die laaste seremonie afgehandel is nie** teensy daar vooraf met die Kampleier 'n reeling getref is nie.
- 'n Brief met verdere inligting teen opsigte van benodighede en kampreëls sal gestuur word sodra die inskrywingsvorm en kampgeld ontvang is.

Kom geniet 'n wonderlike water avontuur saam met ons by Da Gama Dam!

Jaco van der Walt
**Kampleier**